Ges. 2: 2, 3. Die Wynstok en die Lote L [Patch 7 apr. 57.

Ges. 61: 4, 6. Joh. 15:1-8
(Hackendyk).

" 62: 6.

Joh. 15: 1, 2 – Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg: en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.

Enige oplettende Bybelleser sou al opgemerk het dat die 4e evangelie, Johannes, geen bergrede in sy evangelie het nie. Met baie gaie reg, egter, is verklaar dat Joh. 15 die bergrede v.d. 4e evangelie is – alleen met die verskil dat hd. rede die geheim weergee om te doen wat Xtus in sy bergrede van Matt. 5-7 vra.

Hd. hfs. begin met die gelykenis vd wynstok en die ranke. Dis nie toevallig dat Jesus hd. onderwerp verbind aan d. wynstok nie: het Hy dan nie net vantevore sy dood verbind a.d. vrug van hd. wynstok nie?

Om te verstaan wat Hy bedoel, let ons dan op die landbouer, die wynstok, die ranke en die vrug.

I Die Landbouer: „My Vader is d. landbouer". Die landbouer is die een wat d. wynstok plant. ① So het God d. Vader sy Seun in hd. wêreld geplant (Joh. 3:16) –

– Geplant as wynstok en nie as doringstruik

② Vader plant nie net d. wynstok nie – Hy versorg dit ook: Hoe het Hy nie Xtus bewaar, gesterk, beskerm op die pad v. 33 jr nie!

③ Vader versorg nie net d. wynstok nie – ook d. ranke: a) Snoei en maak skoon
b) Soek d. vrug
c) Sny uit en verbrand.

→

II Die Wynstok: „Ek is d. ware wynstok"

„Wynstok" = beeld van verkwikking, van vreugde.
- Dit was d. deel v God om Xtus na hd. wêreld te stuur, om d. mens se lewe te verkwik, om vreugde te berei
„Ware wynstok": Die wêreld het ook sy wynstokke - sy bronne wat vreugde en versterking bied; maar Jesus sê: Hulle is vals! „Ek is d. ware wynstok" - = Hy alleen bied d. blywende vreugde en versterking!

III Die ~~Ranke~~ Lote: „Julle is die lote"

Wie is hd. ranke? Het die uitverkorenes, die weergeborenes? Beslis nie - want hier praat Jesus van ranke wat afgesny en verbrand kan word. Die lote is dus almal wat uiterlik tot Jesus behoort of in een of ander sigbare verband tot Hom staan: lidmaat kerk, Belyers, kerkganger, bydraer!

Of hulle werklik wedergebore is moet blyk uit 2 dinge:

a) of hulle liefde onder mekaar het

b) of hulle vrug dra

a) liefde onder mekaar:

b) vrug dra: (i) Soos d. wynstok alleen vrug dra deur sy ranke, so wil Xtus vrug dra deur sy dissipels. Daarom het Jesus niks gedaan wat sy dis's kan doen nie: nooit self gedoop - nooit self 'n wonder gedoen geskryf; nie een d. wêreld gebid nie - doen dit deur sy dissipels!

IV Die Vrug: „Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon"

① Die vrug is 'n godd. eis: „Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg" - geen mens, geen aanbeveling, nr. eis! (Ook vs. 6)

Natuurmet - gestel met

→ Onvrugbare vyeboom!

② Die vrug moet sigbaar wees in my eie lewe: Die genadewerk v God in my lewe moet meer en meer sigbaar word. As my lewe altyd dieselfde bly - dieselfde ou eenheid, onwaarheid, jalousie, oppervlakkigheid, selftevredenheid dan is my lewe blare, en geen vrug!

③ Die vrug moet beskikbaar wees vir ons medemens:

V Die Geheim van ~~Vrug~~ Oorvloedige Vrug:

① „Bly in My":

Hoe? - Gebed
- Woord
- Gemeenskap gelowiges.
- Arbeid

③ Bereidwilligheid om Skoongemaak te word (struck through)

② „Elke loot wat vrug dra, die maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra"

– a) Deur Sy Woord
– b) " " Gees
c) " " bloed
d) " die geloof